

Woensdag 10 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18-25; HK Sondag 6, Vraag 18

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:30

Wat die Middelaar vir ons beteken

Om aan ons iets te toon wat ons Here Jesus Christus vir ons beteken, word daar in ons belydenis tereg op die Skrif gesteun. Paulus se uitspraak in 1 Korintiërs 1:30 word byna woordeliks aangehaal as hy Christus as ons wysheid, geregtigheid, heiligmaking en verlossing aandui.

Eerstens bely ons dat Christus ons wysheid is. Wat Christus vir ons as ons wysheid beteken, sien ons eers as ons daarteenoor die jammerlike dwaasheid van die mens stel, net soos die gelowige Grieke Christus as ware wysheid leer ken het in teëstelling met die waanwysheid van die heidense Grieke. Paulus sê dit baie duidelik: “*Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit ’n aanstoot en vir die ander is dit onsin, maar vir die wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God*” (1 Kor. 1:23, 24). Waarom is die sogenaamde wysheid van hierdie wêreld in werklikheid dwaasheid? In die *eerste plek* omdat dit net op hierdie wêreld gerig is en vir my niks beteken as ek voor die regterstoel van God moet verskyn nie. In die *tweede plek* omdat dit op die diepste lewensvrae van die mens geen antwoord kan gee nie en aan my geen troos bied as ek by die oop graf van ’n geliefde staan nie. Alleen Christus as die ware wysheid van God kan aan my troos, kalmte en aanvaarding gee.

Tweedens is Christus ons *geregtigheid*. Teenoor die skreiende onreg en ongeregtheid in die wêreld, skitter die lig van Christus se geregtigheid en die gelowige weet dat hy daaraan deel het. Hy staan, nieteenstaande sy sonde, as regverdige voor God danksy die soenverdienste van Christus, want Christus Self is ons geregtigheid.

Derdens is Christus ons *heiligmaking*. Die wêreld waarin ons lewe, is vanweë die sonde vol onheiligheid en besmetting. In so ’n wêreld kan ons alleen steeds meer volgens die heilige gebooie van God lewe as ons aan Christus ons heiligmaking verbonde is soos die lote aan die wingerdstok. Dan laat Hy ons die goeie stryd van die geloof stry en eindelik oorwin.

Vierdens is Christus ons *verlossing*. Die woord verlossing is hier eintlik ’n samevatting van al Christus se genadeskatte vir ons. Dit toon aan ons die arbeid van Christus tot ons redding as ’n geheel. Hier word aan ons voorgehou dat Christus ons met sy bloed losgekoop het uit die mag van Satan en die sonde om in die vryheid van die kinders van God te kan lewe. Wysheid, geregtigheid, heiligmaking en verlossing – dit is ons Middelaar vir ons.